# Boer van Bela-Bela voltooi Midmar-Myl




Nean van Zyl, van Bela-Bela by die eindpunt van die Midmar-Myl. Foto: Verskaf.

**Johan van Niekerk**
johanvn@diepos.co.za

'n Boer van Bela-Bela het die lang uittog aangepak en na KwaZulu-Natal gereis om deel te neem aan die jaarlikse Midmar-Myl, oopwater-swemkompetisie.

Nean van Zyl (42), eienaar van die Kalfieskraal Dexter Stoet, net buite Bela-Bela, het vanjaar aan sy heel eerste Midmar-Myl deelgeneem. Die gewilde kompetisie vind in die Midmar-dam plaas wat net buite Howick geleë is. Hy het die afstand in 51 minute 02 sekondes voltooi.

Nagenoeg 14 000 deelnemers het aan hierdie 52ste Midmar-Myl deelgeneem.

Die Midmar-Myl word gesien as die grootste oopwater-swembyeenkoms ter wêreld.

Die top mansswemmer vir die dag was Louis Clark van Nieu Zeeland in 'n tyd van 19 minute en 07 sekondes.

Van Zyl is baie tevrede met sy vertoning.

Die Midmar-myl was sy eerste oopwater swemdeelname. Hy het al in die verlede verskeie half-Ysterman-kompetisies voltooi en neem gereeld deel aan fietsry-kompetisies.

Sy volgende wedren is die Silo-bergfiets-ren wat op Saterdag, 15 Maart, op Settlers sal plaasvind.



Die spelers speel hulle eerste wedstryde van die seisoen.

# Fluitjies blaas op netbalbane en rugbyvelde

**Melani Jordaan**
melani@diepos.co.za

Dit het gegons op die netbalbane en rugbyvelde van Laerskool Nylstroom op Modimolle waar talle skeidsregters hulle fluitjies verlede Saterdag, 1 Maart geblaas het

Dit was die Streek 1 Skeidsregterdag en tien laerskole se spelers was in aksie.

Die mededingende laerskole was Nylstroom, Warmbad, Thabazimbi, Ellisras, Bosveld, Koedoeskop, Kruger Park, Julian Muller, Eugene Marais, Pietersburg-Oos en Laerskool Eenheid.

Die netbalspanne en rugbyspanne het van vroeg af gewedywer om aan die einde van die dag koning te kraai. Die spelers se ouers en ondersteuners was langs die bane en velde vir aanmoediging.

Die byeenkoms is nie net vir die spelers nie, die onderwysers het ook hulle skeidsregterskursus voltooi.

## Bela-Bela Local Municipality

Chris Hani Drive, Bela-Bela, Limpopo,
Private Bag x1609, Bela-Bela, 0480
Tel: 014 736 8000. Fax: 014 736 3288
Website: www.belabela.gov.za

SALUS ET VITA

## MPAC PUBLIC HEARING NOTICE

### MPAC PUBLIC HEARING ON THE 2023/2024 ANNUAL REPORT

Notice is hereby given in terms of Section 129 (4)(a) of the Municipal Finance Management Act No. 56 of 2003 read with approved MPAC terms of references that the Municipal Public Accounts Committee (MPAC) of the Bela-Bela Local Municipality will hold a public hearing to discuss the 2023/2024 Annual Report as follows: -

**Date** : 12 March 2025
**Time** : 10H00 am
**Venue** : Bela-Bela Community Multipurpose Hall

Public representative and stakeholders are invited to attend the public hearing during which Councilors and Management will be responding to questions and comments raised on the Draft Annual Report as advertised publicly on the 07th of February 2025.

TG RAMAGAGA
**MUNICIPAL MANAGER** Notice No: 31/25

## Bela-Bela Local Municipality

Chris Hani Drive, Bela-Bela, Limpopo,
Private Bag x1609, Bela-Bela, 0480
Tel: 014 736 8000. Fax: 014 736 3288
Website: www.belabela.gov.za

SALUS ET VITA

## PUBLIC NOTICE

2024/2025 BUDGET ADJUSTMENT, 2024/2025 REVISED SERVICE DELIVERY AND BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) AND PERFORMANCE AGREEMENTS FOR THE MUNICIPAL MANAGER AND SENIOR MANAGERS

Notice is hereby given, in terms of Sections 21 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No. 32 of 2000) read with section 28 and 54 (1) (c) of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act No. 56 of 2003) and the Municipal Budget and Reporting Regulations that the Bela-Bela Local Municipality has noted and approved **the Budget Adjustment, the Revised Service Delivery and Budget Implementation Plan (SDBIP) including any consequential amendment of the Performance Agreements of the Municipal Manager and Senior Managers** that is necessitated by the adjustment budget and revised SDBIP for the 2024/2025 financial year during a Special Council Meeting held on the 28th of February 2025 through **Resolution No. SMC105/02/2025 and SMC106/02/2025** respectively. All the above-mentioned documents including Council resolutions are hereby made public for inspection in terms of Section 26 of the Municipal Budgeting and Reporting Regulations on the municipality's website: www.belabela.gov.za as from Friday the 7th of March 2025.

**Enquiries can be lodged with the undersigned in writing at the following addresses:**
The Municipal Manager
Bela-Bela Local Municipality
Private Bag x1609
BELA-BELA
0480

**E-mail address:** Public.comments@belabela.gov.za

TG. RAMAGAGA
**MUNICIPAL MANAGER** NOTICE NO.: 33/25